# Die Heldedaad van Racheltjie de Beer

1 Aan die voet van die Drakensberge, waar die winters spierwit en dodelik koud word, het die De Beers byna ‘n honderd jaar gelede in ‘n eenvoudige hartbeeshuisie gewoon. Die dogtertjie in die huis, Rachel, was net twaalf jaar oud en tingerig gebou, maar haar flukse hande het vir niks verkeerd gestaan nie. Haar pa was nie ‘n ryk boer nie – hy het net ‘n paar beeste, ‘n klompie skape en ‘n bok of twee gehad – en Racheltjie moes hom van kleins af help om vee op te pas en aan te dryf, beeste in te span en koeie te melk.

2 Laat een wintersmiddag, terwyl die wolke al donkerder en swaarder afsak aarde toe, en die loeiende wind deur murg en been sny, begin Racheltjie se pa sy klompie vee bymekaarmaak om hulle so gou as moontlik in die beskutte kraal te kry.

3 Die nag is amper op hulle en die sneeu val reeds soos skerp naalde uit die swart lug. Net voordat Rachel se pa die kraalhek toemaak, besef hy dat ‘n jong kalfie in die veld agtergebly het. Nou moet elkeen wat kan kom help om te soek. Terwyl haar ouers en hul paar plaaswerkers in die verste deel van die weiveld fynkam, soek Rachel en haar klein boetie, skaars vyf jaar oud, in die laagte naby die huis.

4 Maar die storm word selfs erger as wat enigiemand gevrees het. Kort voor lank is dit vir die twee kinders onmoontlik om in die brullende wind koers te hou, terwyl die sneeu die veld om hulle in ‘n onherkenbare wit kombers verander. Geleidelik dring die besef tot Rachel deur dat hulle verdwaal het. Toe haar boetie huilend kla dat hy nie meer verder kan stap nie, tel sy hom op. “Toemaar,” troos sy, “ons is sommer nou-nou weer in ons warm huisie.”

5 Maar dit word nagdonker, die minute sleep verby en Rachel word wanhopig. Haar boetie is aan die verkluim. Sy móét hom red. Aan haar eie ysige lyf dink sy skaars toe sy haar baadjie uittrek en dit vir hom aantrek. Met die seuntjie in haar arms strompel sy ‘n paar tree verder, totdat hy weer begin huil. Toe trek sy ook haar rok vir hom aan en bind haar kappie styf om sy gesig vas. Nog ‘n paar tree, toe gee sy ook haar onderrok vir hom. Al wat sy aanhou, is haar dun onderhempie.

6 Eindelik sien sy iets wat ‘n sprankie hoop in haar laat opvlam. Miskien kan sy tog haar boetie red! Voor ‘n groot miershoop val sy neer en onder die sneeu vind sy ‘n klip waarmee sy die miershoop begin uithol. Haar arms is lam, haar hande morsdood van die koue, maar sy hou áán. Al stadiger grawe sy... totdat die gat eindelik groot genoeg is dat haar boetie daarin kan pas. In die verskriklikste pyn trek sy haar onderhempie ook vir hom aan, pas haar skoene aan sy voete, en gaan lê in die ondraagbare koue voor die miershoopgat om die wind en die sneeu met haar eie lyf van haar boetie af te keer.

7 Intussen het haar ouers ophou soek na die kalfie. Al wat nou saak maak, is om die twee kinders te vind. Die ganse nag deur soek almal op die plaas wanhopig na Rachel en haar boetie. Met groot komberse en lanterns by hulle roep, skreeu en soek hulle, maar die kinders is nêrens te vind nie. Met rooidag begin die storm bedaar, en in die eerste lig van die oggend kom een van die helpers op die uitgeholde miershoop af. Hy roep die ander nader.

8 Hier tref hulle vir Racheltjie aan. Sy is dood. Haar kaal lyfie is net so wit van die sneeu soos die veld rondom haar. In die miershoopgat lê die seuntjie opgekrul. Hy is styf verkluim, maar hy lewe nog, danksy Rachel se heldedaad. Só het Racheltjie de Beer haar eie lewe gegee om haar boetie aan die lewe te hou. Daarom leef haar naam steeds voort as een van die grootste heldinne in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

**Die Heldedaad van Racheltjie de Beer – Vrae:**

1.) Waar speel hierdie gebeurtenis af?____________________________________(1)

2.) Watter tyd van die jaar was dit?______________________________________(1)

3.) Omkring die regte antwoorde (7):

3.1 Gee een woord wat dieselfde beteken as "'n honderd jaar":

a) eeu b) millennium c) dekade

3.2 Wat beteken die uitdrukking "loeiende wind"?

a) Dit beteken dat die wind die blare in die bome liggies ritsel.

b) Dit beteken dat die wind stormsterk is en 'n huilende geluid maak.

c) Dit beteken dat die wind baie koud is.

3.3 In par. 3 staan daar dat Rachel se ouers en hul plaaswerkers in die verste deel van die weiveld fynkam vir die verlore kalfie. Wat beteken "fynkam"?

a) Dit beteken dat hulle die veld met 'n fynkam kam.

b) Dit beteken dat hulle die veld deeglik en noukeurig nagaan en deursoek vir die verlore kalfie.

c) Dit beteken dat hulle vlugtig oor die veld gestap het in die hoop om dalk die verlore kalfie raak te sien.

3.4 Wat is die teenoorgestelde van herkenbare.

a) misherkenbare b) wanherkenbare c) onherkenbare

3.5 In par. 5 lees ons dat Rachel "wanhopig" geword het. Hoe sou iemand voel wat wanhopig is?

a) Die persoon voel moeg en uitgeput.

b) Die persoon voel sonder hoop en is in vertwyfeling.

c) Die persoon voel positief en is vol hoop.

3.6 Waarmee het Rachel die miershoop begin uithol?

a) Met haar kaal hande en naels.

b) Met 'n hammer en beitel wat sy in haar rugsak gehad het.

c) Met 'n klip wat sy onder die sneeu gevind het.

3.7 Ons lees dat die storm met "rooidag" begin bedaar het. Wat beteken "rooidag"?

a) Dit beteken dat die dag figuurlik gesproke 'n "rooi" dag was vir die De Beer gesin, omdat hulle dogtertjie oorlede is.

b) Dit beteken gevaar, want die koue sneeustorm was lewensgevaarlik.

c) Dit beteken dagbreek, want met sonopkoms is die môre rooi.

______ UIT 9

**Die Heldedaad van Racheltjie de Beer – Antwoorde:**

1.) Aan die voet van die Drakensberge.
2.) In die winter.
3.) 3.1 a
    3.2 b
    3.3 b
    3.4 c
    3.5 b
    3.6 c
    3.7 c